

21 Junie

Skrifgedeelte: Esegïel 37:1-14
Fokusgedeelte: Esegïel 37:4 (1983-vertaling)

Getuig jy maar net ... die Here sal die lewe gee

“Esegïel, gaan preek in die begraafplaas.” Dis ’n vreemde opdrag, nie waar nie? Maar Esegïel het al geleer dat die Here soms merkwaardige opdragte gee – opdragte waarvoor Hy ook toerus en wat wonderlike resultate tot gevolg het.

In dieselfde dal waar Esegïel voorheen “die magtige verskyning van die Here” gesien het (Eseg. 3:22), sit die Gees van die Here hom nou neer en hy kry die opdrag dat hy vir ’n klomp dor doodsbeendere wat die wêreld vol rondlê, moet profeteer. Hierdie laagte, wat met droë bene besaai was, was die skrikwekkende en aangrypende beeld van die volk Israel in die Babiloniese ballingskap. Dit is hoe moedelose, verslae en hopelose mense se lewens lyk as die Here nie daar is nie.

Esegïel moet nie maar net ’n stomgeslane toeskouer wees nie. Hy moet die woord van God hier laat hoor: “So sê die Here my God: Ek gaan my gees in julle laat kom sodat julle kan lewe.” Presies so het dit gebeur: Die bene het weer liggame gevorm, weer lewend geword en regop gaan staan.

Wanneer die woord van die Here kom oor watter hopelose toestand ook al in ons lewe, en die Gees van die Here werk kragtig soos net Hy kan, dan kom daar nuwe lewe. Wie sonder die Here lewe, het geen hoop nie.

Bid dat die Here jou as getuie sal gebruik wat met voorbeeld en woord en daad mense voorleef om die Here te gehoorsaam en naby Hom te lewe, en laat die Heilige Gees jou dryfkrag wees. Dan sal die liefde van die Here skitter in ’n donker wêreld (bevestigingsformulier vir diakens), en sal daar weer nuwe vonk wees in ons verhouding met die Here en met mekaar.

Sing: Psalm 40:3, 4 (2001)

Ds. AH (Arnold) Mulder (Emeritus)